



Hou my vas, korporaal

Twee liedjies wat nie kommersieel suksesvol was nie, het in die 1980's die weg vir die verset teen diensplig en die rebelse Voëlvry-musiekbeweging gebaan, skryf Schalk van der Merwe in dié geredigeerde uittreksel uit sy boek oor populêre Afrikaanse musiek.

Verpligte militêre diens vir alle Suid-Afrikaanse mans ouer as 16 jaar is in 1967 ingestel. In die daaropvolgende twee dekades het die land al hoe dieper betrokke geraak by die Grensoorlog op die Namibies/Angolese grens.

Die vernaamste teenstanders in die oorlog was die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die South West African People's Organisation (Swapo). Onder die kragdadige pres. PW Botha het die militêre gemeenskap 'n al hoe groter rol in Suid-Afrika gespeel.

Die gelyktydige militarisering van die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap en die wit, gemilitariseerde, manlike identiteit wat geskep is, was belangrike kragte in die samelewing.

Dit het eger mettertyd al hoe ongewilder geword en 'n mate van teenstand van Suid-Afrika se wit samelewing gekry.

Dié teenstand het gedui op wyer meningsverskille en teenstand teen apartheid in veral die populêre kultuur.

Engelse rockgroepe soos Bright Blue, die Kalahari Surfers en die Cherry Faced Lurchers, asook solomusikante soos Roger Lucey, was openlik gekant teen apartheid en verpligte militêre diens.

Hulle het gereeld onder die banier van die End Conscription Campaign (ECC), 'n drukgroep wat in 1983 gestig is om 'n einde aan diensplig te probeer maak, opgetree.

Sulke optredes was hoogs gepolitiseerd en het 'n taamlike risiko vir die musikante ingehou.

Kultuursteun vir die oorlog

In teenstelling daarmee was steun vir die oorlogspoging aan die populêre kultuurfront (musiek, rolprente en literatuur as propaganda) algemeen.

Verskeie pro-orlogliedjies in Engels en Afrikaans is uitgereik.


Onder die Afrikaanse liedjies het twee van die gewildste Afrikaanse sangers nog getel: Gê Korsten se "Huis toe" en Bles Bridges se "Onbekende weermagman".

Dit was opmerklik dat sommige Engelse groepe openlik teen die weermag, die oorlog en apartheid gekant was, maar dat Afrikaanse musiek feitlik heeltemal inskiklik daaroor was.

Protes onder Afrikaners was steeds vreemd, hoewel daar sekere uitsonderings was.

In 1983 het twee Afrikaanse liedjies 'n bespotting gemaak van die weermagervaring in 'n tyd toe die teenkanting teen diensplig besig was om geleidelik toe te neem.

Bernoldus Niemand (die alterna-



Piet Botha was lid van die groep Wildebeest, wat die liedjie "Bossies" gesing het.

tiewe persona van die Engelse musikant James Phillips) het sy liedjie "Hou my vas, korporaal" uitgereik en die rockgroep Wildebeest se album *Horings op die stoep* het die liedjie "Bossies" bevat.

"Bossies" het in die omgangstaal verwys na posttraumatische stres ná 'n geveg.

Die feit dat dié Afrikaanse liedjies was, het die verbodskeling van Afrikanereenheid pynlik duidelik gemaak.

Dit was betekenisvol.

Afrikaners as 'n groep het waarskynlik meer in die apartheidstelsel belê as hul wit Engelse landgenote.


Die twee liedjies was nie kommersieel suksesvol nie, maar was tog voorbeelde van vroeë Afrikaanse musiek wat die gevoel van 'n groot groep troepe veerspeël het.

Musikante soos Wildebeest en Bernoldus Niemand was verteenwoordigers van 'n nie-kommersieel subkategorie van kunstenaars wat min of geen hoofstroomblootstelling gekry het.

Dit was in teenstelling met die "Musiek-en-Lirieke"-beweging, wat die steun van hoofstroomtelevisie en staatsondersteunde kursorganisasies gehad het.

Vry soos 'n voël

"Hou my vas, korporaal" is in Februarie 1985 opgevolg met die album *Wie is Bernoldus Niemand?* Dit was die eerste album van sy aard met sy waarnemings en satire in die rebelletaal van ruk en rol.



Die omslag van Bernoldus Niemand (James Phillips) se album wat die liedjie "Hou my vas, korporaal" bevat.

Foto: ARGIEF

"Hou my vas, korporaal" was die nie-amptelike vlaglied van die beweging teen diensplig.

Voordat hy Niemand geword het, was Phillips lid van 'n Engelse groep genaamd Corporal Punishment, wat in sy tuisdorp, Springs, 'n myndorp aan die Oos-Rand, ontstaan het.

Dit was in die laat 1970's 'n broeiplek vir anti-establishmentmusiek wat op punk gegrond was. Corporal Punishment se liedjies het bytende politieke en maatskaplike kommentaar bevat.

Dit is stilisties deur Britse punk van die 1970's beïnvloed is, maar Suid-Afrikaanse punkgroepe kon nie aanspraak maak op dieselfde verbintenis met die werkers-

klas nie. In die plaaslike konteks het hul ras hulle bevoorreg gemaak.

Phillips het die eienskappe van Springs se werkersklas-wit mense, wat hy ongetwyfeld waargeneem het, in sy liedjies verweef.

Baie beskou die album as die begin van die Afrikaanse "new wave", wat sy klimaks op die Voëlvry-toer van 1989 bereik het.

Die Voëlvry-toer was 'n soort anti-apartheidsoopstand: afvallige rockmusikante wat landwyd op kampusse opgetree het.

Dit was nie 'n verrassing dat *Wie is Bernoldus Niemand?* deur die SAUK verbied is nie.

Satire oor die weermagervaring – waarmee so baie jong wit Suid-Afrikaners kon identifiseer – het later 'n gereelde tema vir Voëlvry-musikante geword.

Die musiek van die ander in die Voëlvry-beweging, Koos Kombuis en Johannes Kerkorrel, het later gespot met die saai bestaan van voorstedelike middelklas-Afrikaners – uit die posisie van rebelse middelklas-Afrikaners.

Maar die wit werkersklaskarakter van Phillips se musiek was ondermyning van 'n ander aard omdat die Afrikaanse werkersklas geleë was om regse politieke partye te steun.

Hoewel Niemand se invloed op Voëlvry debatteerbaar was (soos Pat Hopkins te kenne gee in sy boek *Voëlvry*), bly dit baie aangrypende kommentaar op wit diensplig in die apartheidstyd.

Afrikaanse psigedeliese rock

Wildebeest was op sy eie manier enigmaties. Die baskitaarspeler, Piet Botha, byvoorbeeld, was die destydse minister van buitelandse sake, Pik Botha, se seun.

Dié groep sal onthou word vir 'n vreemde verskyning op die ouderwetse Afrikaanse TV-kinderprogram *Kraaines* in 1981.

Met hul lang hare en ondermynende militêre kakie-uitrustings het Wildebeest raserig op tradisionele Afrika-tromme geslaan en swaar psigedeliese rockmusiek gemaak. Psigedeliese rock was dus danksy Wildebeest op 'n Afrikaanse kinderprogram op TV gesien.

Die liedjies is almal gekomponeer deur die tromspeler Colin Pratley, vir wie Afrikaans, nes vir James Phillips, nie sy moedertaal was nie. Wildebeest is deur Afrika-genres en rockmusiek beïnvloed en het 'n groot verskeidenheid inheemse instrumente gebruik terwyl daar soms in Afrikaans gesing is.

Al vier die liedjies op *Horings op die stoep* was in Afrikaans.

Wildebeest is eger nie soos Phillips as deel van die formele teenstand teen militêre diensplig gesien nie.

Gegewe die maatskaplik-politieke atmosfeer van die vroeë 1980's was liedjies soos "Hou my vas, korporaal" en "Bossies" betekenisvol. Albei liedjies het geraak aan die sensitiewe en realistiese aspekte van 'n gedeelte ervaring van baie wit Suid-Afrikaanse mans wat sedert 1967 militêre diensplig moes doen.

Dit was in sterk teenstelling met die verskeie Afrikaanse liedjies wat militêre diensplig gesteun en dit uitgebeeld het as die patriotiese plig van jong, wit Suid-Afrikaanse mans.

Liedjies soos "Hou my vas, korporaal" en "Bossies" het gerym met die wyer krake in die Afrikanergemeenskap terwyl die apartheidsgereguleer sy houvas op mag begin verloor het. Hulle is veral betekenisvol omdat hulle alternatiewe interpretasies gebied het van die weermagervaring, en die manlike, wit Afrikaneridentiteit, wat in veel wyer maatskaplik-politieke verskuivings weerklink het.



Van der Merwe is 'n dosent in geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch. Sy boek, *On Record: Populêre Afrikaanse Music & Society, 1900-*

2017, word deur African Sun Media uitgegee word. Dié stuk het oorspronklik op www.theconversation.com verskyn.